BONSMARA NAMIBIA 40 YEARS

# 40 Redes
## vir 40 jaar se suksesse!



Bonsmara -
die veelsydige
beesras

BREEDING A
LEGEND



Daar is baie redes waarom die Namibiese Bonsmara van

# BETER NA BESTE

gegaan het die laaste 40 jaar.

## HIER IS ONS TOP 40:

### 1 MINIMUM RASSTANDAARDE

Streng minimum rasstandaarde word toegepas vir reproduksie, melkproduksie, groeivermoë, funksionele doeltreffendheid en strukturele korrektheid. Dit verseker beeste wat presteer.

### 2 BETROUBARE PRESTASIETOETSING

Alle prestasietoets data word deur SA Stamboek verwerk. Dit maak die syfers betroubaar. Landboukundiges van die Ministerie van Landbou, Water en Bosbou se Prestasietoets Kantoor is onafhanklik en onpartydig.

### 3 GENETIESE EVALUASIE

As gevolg van die groot getalle Bonsmara beeste, is die Beste Beskikbare Beraming ("BLUP") van teelwaardes vir Bonsmaras alreeds hoogs akkuraat.

### 4 GROOT DATABASIS

Vanaf sy ontstaan word die Bonsmara se prestasie en produksie gemeet en aangeteken. Die enorme databasis verseker groter akkuraatheid van die verwerkte teelwaardes.

### 5 VERPLIGTE PRESTASIETOETSING

Bonsmara telers is verplig om prestasietoetsing en produksie-aantekeninge te doen. Dit verseker vinniger genetiese vordering en is broodnodig vir presisie boerdery.

## 6 UNIEKE INSPEKSIESTELSE

‘n Bees word eers amptelik ‘n Bonsmara, na inspeksie en goedkeuring deur keurders van die Genootskap.

## 7 DUBBELE KEURING VAN DIERE VIR VEILINGS

Bonsmara diere op veilings aangebied word ‘n tweede keer gekeur. By hierdie “Kyk Weer” inspeksie, word veral gelet op eienskappe wat kon verander het sedert die vorige keuring.

## 8 VOLLEDIGE VEILINGSKATALOGUS

Alle Bonsmara veilings word onder die beskerming van die Genootskap aangebied en ‘n standaard katalogus is beskikbaar. Dit bevat volledige, amptelik gekontrolleerde inligting oor elke dier wat aangebied word.

## 9 ROOI BEESTE

Rooi is tradisioneel die gesogte kleur vir vleisbeeste in Suider-Afrika. Keer op keer behaal die rooi bees ‘n hoër prys per kilogram op veilings.

## 10 AANPASBAARHEID

Die Bonsmara is oorspronklik geteel is vir die warm, droë gebiede, maar vandag gedy dit in alle streke van Suider-Afrika, asook in Suid-Amerika, die V.S.A. en Australië.

## 11 PARASIETBESTANDHEID

Opteling met die Afrikaner, het bosluisbestandheid in die Bonsmara gevestig. Die volgende is eie aan die Bonsmara:

- Kort, gladde hare.
- Dikker, bloedvatryker vel, waar bytplekke gouer genees.
- Talg afskeiding van kliere in vel.
- Goed ontwikkelde onderhuidse spiere om die los vel te skud met aanraking.

## 12 HITTEVERDRAAGSAAMHEID

Die vel en sinusholtes is baie belangrik vir die liggaam se hitte regulering. Die Bonsmara het ‘n meer bloedvat- en sweetklierryker vel, korter, gladder haarkleed en groter sinusholtes in die kop as Europese rasse.



## IDEALE MOEDERRAS VIR KOMMERSIËLE TELERS 13

Die Bonsmarakoei is baie gewild by kommersiële beesboere. Sy pas goed aan, kalf gereeld en maklik, het genoeg melk, sorg goed vir haar kalf, is mak en maklik om mee te werk.

## GOEIE HERKONSEPSIE 14

Bonsmaras herstel normaalweg gou na die winter en het 'n uitstekende herkonsepsie rekord. Vroeë verharing na die winter is 'n betroubare teken van aanpasbaarheid en vrugbaarheid.

## BONSMARA KAN OP VELD GEDY 15

In die grootste gedeeltes van Namibië hoef Bonsmaraboere net 'n mineraallek (hoofsaaklik fosfaat) in die somer en 'n proteïen onderhoudslek in die winter te voorsien.

## 16 OSSE VANAF DIE VELD

Baie ekstensiewe Bonsmaraboere bemark 2-6 tand osse vanaf die veld as AB, B2 of B3 grade. Die Bonsmara kan veral baat by die AB graad.

## 17 HOË UITSLAG PERSENTASIE

Wetenskaplike navorsing het bewys dat Bonsmara A2 en A3 manlike diere op leë pens massa tussen 58% en 61% (en selfs beter) uitslag. Verskeie karkaskompetisies bevestig dit.

## 18 VLEISKWALITEIT

Navorsing het bewys dat die Bonsmara uitstekende vleis lewer en van die hoogste punte behaal het ten opsigte van sagtheid, smaak, geur, kookverlies, sappigheid en raklewe. Dit blyk dat daar 'n verband is tussen die bees se temperament en die vleis se rakleeftyd.



## VETVERSPREIDING 19

Een van die redes hoekom Bonsmaras so goed vaar in karkaskompetisies en as slagosse, is sy egalige en relatiewe vroeë vetverspreiding.

## PRESTEER IN INTENSIEWE/EKSTENSIEWE STELSELS 20

Die Bonsmara se goeie temperament, aanpasbaarheid en gehardheid, maak dat hulle goed presteer in enige boerdery omgewing.

## VOEROMSETVERHOUDING 21

Doeltreffende voeromsetting is die belangrikste faktor in die winsgewendheid van 'n voerkraal. Die LNR se Diereverbeteringsinstituut het bevind dat die Bonsmara van die beste voeromsetters is. Die Sernick Groep beskou die Bonsmara as die mees ekonomiese bees in die voerkraal.

## TESTISGROOTTE GEKONTROLLEER 22

Testisgrootte speel 'n groot rol by vrugbaarheid (begin van puberteit en semen gehalte). Bonsmara bulle se skrotumomtrek word gemeet en moet voldoen aan streng rasstandaarde.

## VROEË GESLAGSRYPHEID 23

Die meeste Bonsmaras is van medium raamgrootte wat vroeë tot medium geslagsrypheid bereik. Bulle is by +/- 400 kg gereed om te werk en verse begin gewoonlik ovuleer teen 300 kg liggaamsmassa.

## GOU MARKKLAAR 24

Bonsmara kalwers pas vinnig aan in voerkrale en is gewoonlik na net 90 dae slaggereed. Bonsmaras groei gereeld meer as 2kg per dag onder ideale voerkraal toestande.

## GEMAK VAN KALWING 25

Bonsmara koeie kalf gewoonlik maklik en is goeie moeders. Die kalf is lewenskragtig en vroeë herbesetting van koei is algemeen.

## LANGLEWENDHEID 26

Bonsmara koeie produseer maklik onder ekstensiewe toestande vir 12-14 jaar en meer, terwyl bulle normaalweg werk tot 10 jaar en ouer.

27

## VRUGBARE KOEIE

Die getal Bonsmara koeie wat kwalifiseer as Elite-Platinum, Elite-Goud, Elite-Silwer en Elite-Brons, bewys die ras se vrugbaarheid. Dis 'n belangrike rede vir die gewildheid van Bonsmaras by kommersiële telers.

28

## GOEIE MELKPRODUKSIE

Bonsmara koeie het goeie melkeienskappe en koeie wat konstant lae gewigte speen word uitgeskot deur die prestasietoets stelsel.

29

## GROOT VARIASIE VAN TIPES BINNE DIE RAS

Die meeste boere verkies 'n mediumraam boerbees en daarom is die Bonsmara so baie gewild. Alle raamtipes, behalwe uiterstes, word egter binne die ras geteel, en is beskikbaar vir boere volgens behoefte.



## 30 TEMPERAMENT

Ekstra tyd en fasiliteite maak dit baie duur om met wilde beeste te werk. Temperament is hoog oorerfbaar en Bonsmara telers selekteer streng teen wilde beeste.

## 31 GOEIE MOEDERS

Minimum rasstandaarde vereis dat ‘n Bonsmara koei 2 uit elke 3 kalwers moet speen. Swak moeders word so uitgeskot en dit verhaas genetiese vordering deur seleksie.

## 32 IDEALE KARKASGROOTTE

Verbruikers verkies ‘n karkas van 215-240 kg. Dis presies wat A-graad Bonsmaras gewoonlik uitslag.

## 33 SUIWER RAS MET STERK ERFDWANG

Ekonomies belangrike raseienskappe soos rooi haarkleed, pigmentasie, temperament, aanpasbaarheid, gehardheid, loopvermoë, melkproduksie, goeie moederskap, langlewendheid en groeivermoë, word sterk oorgedra.



## KOEI-DOELTREFFENDHEID 34
Bonsmaras kalf gewoonlik jaarliks, sonder hulp, op die veld en speen op 7 maande 'n kalf van 45%+ van haar eie massa.

## BONSMARA BULLE SE DEKVERMOË 35
Manlikheid en libido is belangrike vereistes by keuring. 'n Volwasse Bonsmara bul kan maklik 35-45 koeie in 3 maande dek.

## BONSMARAS 'N IDEALE RAS VIR BEGINNER BOERE 36
Bonsmaras is geharde, aangepasde, mak beeste wat met min kan klaarkom, gewoonlik geredelik beskikbaar vanaf telers binne bereik en wat bereid is om te help met raad en daad.

## BONSMARAS IDEAAL VIR KRUISTELING 37
Boere besef die ekonomiese waarde van 'n goed beplande kruisteelstelsel. Die Bonsmara is alreeds 'n 3-ras saamgestelde bees en doen uitstekend in kruisteling. Die F1 Bonsmara kruiskoei is groot in aanvraag.

## BAIE NASPEEN GROEITOETSE EN VELDTOETSE 38
Die Bonsmara toets meer bulle in amptelike naspeense groeivermoë toetse as enige ander ras. Vir boere wat veldgetoetsde bulle verkies, is daar ook 'n groot keuse. Veldgetoetsde bulle pas maklik aan onder veldtoestande.

## TELERS WYD VERSPREI 39
Daar word orals in Namibië met Bonsmaras geboer. Groot saamtrek Bonsmara veilings word landswyd aangebied en teeldiere is maklik bekombaar.

## BOEREDAE 40
Bonsmara boeredae word gereeld in alle streke aangebied. Menige boere leer op sulke dae baie van vleisbeeste en nie net van die Bonsmara nie.

Gee gerus die Bonsmara 'n gelyke kans in jou kudde en besluit self!



BREEDING A LEGEND

# Bonsmara - die veelsydige beesras

# Bonsmara -
## die veelsydige beesras

KONTAK ONS VIR MEER BESONDERHEDE:

nambons@iway.na

Vind ons op Facebook
of besoek ons webtuiste
WWWW.BONSMARANAMIBIA.COM

BREEDING A LEGEND